
RAPPORT, Loopbane 24
23 Sep 2012, p.3

TRUSTS

# Saketrust kan só risiko skep vir sake-eienaar



## Boedels

**Bates in 'n trust, sakebates ingesluit, is nie outomaties uitgesluit uit jou boedel vir boedelbelastingdoeleindes of vir skuldeisers om beslag op te lê nie.**

**HULP MET KLEINSAKE**

NICO VAN GIJSEN

'n Leser vra oor die gebruik van 'n trust as entiteit om sy saak in te bedryf. Ek lig enkele van wat ek meen die kernoorwegings is uit, sou lesers 'n trust in die een of ander vorm oorweeg.

Ek wil onderskei tussen 'n trust as die entiteit waarin die saak bedryf word en 'n trust as houerentiteit vir 'n ander regsvorm waarbinne die saak bedryf word.

Die eerste staan bekend as 'n saketrust. Dis nie veel anders as 'n familietrust nie. My prokureursvriende verskil van my, maar ek meen dis nie die beste entiteit om jou saak in te bedryf nie. Hulle voel 'n trust bied aan die sakepersoon, of trustoprigter, meer vryhede en wye magte.

Ek meen dit is juis die wye magte só verleen wat die essensie van die trustbegrip ondermyn en so vir die sake-eienaar risiko skep.

Bates in 'n trust, sakebates ingesluit, is nie outomaties uitgesluit uit jou boedel vir boedelbelastingdoeleindes of vir skuldeisers om beslag op te lê nie. Dit gaan afhang van hoe daar met die bates omgegaan word en of daar 'n werklike verdeling is tussen die beheer van die trustgoed en die plesier daarvan.

Die voordeel van 'n trust lê daarin dat die bates in die trust nie aan jou behoort nie, maar dat jy (as begunstigde) die plesier daarvan het.

Met 'n saketrust weet ek nie hoe jy beheer gaan prysgee en terselfdertyd 'n saak bedryf nie. En andersyds hoe jy 'n saak gaan bedryf sonder om persoonlik voordeel daaruit te trek (anders as om dalk net 'n salaris te trek). Dit kan in 'n mate gedoen word, maar ek weet nie van 'n saketrust wat aan al die vereistes van die Wet op Beheer van Trustgoed (Wet 57 van 1988) voldoen nie.

Entrepreneurs se kop werk net nie so nie. Jy doen tog sake tot jou voordeel en nie net tot die voordeel van 'n ander party (die basiese vereiste vir 'n geldige trust) nie. Dan praat ons nie eens van die verpligting van sorgsaamheid en risikobeperking wat die wet op trustees plaas nie, terwyl sakelui aan die ander kant juis sukses behaal omdat hulle bereid is om berekende risiko's te neem. Dit is twee uiteenlopende wêreldbeskouings.

Sou jy wel die voordele van 'n trust vir sake wil benut, sou ek voorstel dat jy jou saak in 'n beslote korporasie of maatskappy bedryf, maar dat die trust dan die ledebelang of aandele in die maatskappy hou. Só het jy volle beheer oor die saak self, sonder dat die onderneming as 'n bate in jou boedel opgeneem kan word.

Dit veronderstel steeds goeie fidusiêre bestuur van die trustbates en 'n "afstand" tussen beheer en genot, anders kan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens by dood die bates ag as jou eie vir die doeleindes van boedelbelasting.

'n Ander beperking is die belastingvoordele vir kleinsakekorporasies. Dán betaal jy eers belasting bo R63 556 se inkomste en wel teen net 7% tot by 'n bedrag van R350 000 en eers daarna teen die normale maatskappybelastingkoers van 28%.

▸ *Nico van Gijsen CFP® is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Hulp met Kleinsake, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of stuur e-pos na nico@finlac.com.*